TRALIE VARIA 2014

1905

Tralie Varia behaal 'n 1e-plek in die Media24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2013

MEI · JAARGANG 42

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Gnl Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e-pos: mail@sentraal.co.za, T: (051) 4101800



2

NUUS: Tralies geniet 'n oorspronklike invalshoek op die dag van liefde.



8

KOSHUIS: Hoekom het jy meel en heuning op jou inkopielys? Matrieks het die antwoord.



9

SPORT: Rooi gebrande lywe en baie hees stembande kondig kleursport aan.



12

SPORT: **Hokkie skop jaar af met die NWU Pukke-kliniek in Potchefstroom.**

Matrieks se uitslae ontlok talle reaksies

BERNA COETZEE

Vonkelwynproppe het geskiet toe die 2013-matrikulante hulle uitslae ontvang het. Duisende 2013-matrikulante se geluk is egter in die wiele gery na ernstige kritiek oor die geloofwaardigheid van dié uitslae.

Die verwagte verbetering van die slaagsyfer van 2-3% is met 5% oortref. Talle kundiges was uit die veld geslaan toe die 78,2% slaagsyfer bekendgemaak is. Dit is die eerste keer sedert 1980 dat dié slaagsyfer bo 75% is.

Die provinsie met die hoogste slaagsyfer is die Vrystaat met 87,4%. Verder het slegs 30,6% van alle leerders vrystelling ontvang vir verdere studie.

Het die slaagsyfer gestyg omdat meer leerders makliker vakke geneem het? Is dit hoër omdat minder as die helfte van die leerders, wat in 2002 hulle skoolloopbaan begin het, gematrikuleer het? Kon dié syfer so drasties toeneem as in ag geneem word dat daar steeds probleme met die opleiding van onderwysers asook die verskaffing van handboeke aan leerders is?

Die minimum slaagvereistes om 'n matrieksertifikaat te ontvang word bevraagteken. In huistaal en twee ander vakke moet 40% behaal word en in drie ander vakke slegs 30%.

Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, se uitsprake was positief: "Die standaard van vraestelle het aansienlik verbeter en is goed vergelykbaar met die meeste internasionale liggame."

Dit is teleurstellend om waar te neem hoe matrikulante wat hard gewerk het om goeie punte te behaal moet aanhoor hoe kritici die geloofwaardigheid van die matriekuitslae betwyfel.

As die huidige uitslae met dié van 20 jaar gelede vergelyk word, is daar tog positiewe veranderinge te bespeur. Ses A-simbole was toe 'n buitengewone prestasie, nou word daar egter 10 tot 15 A's behaal.

In plaas van om sogenaamde "kundiges" se mening aan die groot klok te hang moet daar eerder gekyk word hoe hard die matrikulante gedurende die jaar werk om sukses te behaal. Nie almal het dieselfde talent nie en elke leerder moet sy/haar eie potensiaal ontgin.

Maak so 'n reënboog

Waspoeier kompeteer met verfpoeier tydens dié kleurfees



Matrieks kleur die Colour me Crazy-fees in met meer as net verfpoeier. **Foto: Johan Kriek**

DANIELLE GIORGI

Duisende Bloemfonteiners het fraai in 'n reënboog van kleure by die Woodland Hills konferensie-sentrum gepronk. Dit was die eerste *Colour me Crazy*-fees en talle mense het dié genotvolle geleentheid bygewoon.

Benewens die vyf kilometer pretstap was daar ook 'n mengelmoes van kosstalletjies. Verskeie kunstenaars, onder andere Michael Moll en Bobbie van Jaarsveld, het die skare vermaak. Hande vol poeierverf het vir 'n kaleidoskoop van pienk, pers, rooi, groen, geel en blou gesorg.

Dié fees is vir oud en jonk met gratis toegang vir kinders onder die ouderdom van ses jaar.

Om die kleurkontras werklik tot reg te laat kom, is feesgangers aangeraai om wit klere aan te trek.

Janin Rabie, 'n graad 12-leerder aan die Hoërskool Sentraal wat die aangeleentheid bygewoon het, het dit bitter baie geniet.

"Dit was 'n eerste ervaring om mekaar met verf te bestook. My ma was baie onstoke toe sy my eens wit hempie met seeppoeier moes reg toor. Dit was so prettig dat ons nie eers die vyf kilometer staptog voltooi het nie," het Rabi gesê.

Werner Barnard, 'n graad 12-leerder, het ook die geleentheid bygewoon.

"Geleenthede soos dié kan beslis meer in Bloemfontein aangebied word. Plaaslik is daar nie baie sulke geleenthede vir die jeug nie. Sedert die 2010 FIFA sokkerwêreldbeker wedstryde wat in Bloemfontein plaasgevind het, is *Colour Me Crazy* nou die voorloper op die pretlys," het Barnard gesê.

Dit was 'n fantastiese inisiatief om 'n bietjie kleur te gee aan 'n stad wie se inwoners maar meestal grys van verveeldheid is.

Maak beroepskeuse nou makliker

Liesel van Heerden, 'n sielkundige met 'n hart vir Tralies

CARMIN VERMAAK

Wyle Nelson Mandela het een keer gesê: "'n Wyse verstand en 'n goeie hart wat mense wil help, sal altyd 'n uitstekende kombinasie wees."

Dit is hoe me. Liesel van Heerden, die Hoërskool Sentraal se nuwe skoolsielkundige, beskryf kan word.

Waar het me. grootgeword?

Ek het grootgeword op 'n plaas, naby 'n klein dorpie genaamd Middelburg, in die Oos-Kaap.

Waar het me. na skool studeer?

Ek het aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) my graad in Sielkunde behaal. My spesialiteitsveld is Voorligtingsielkunde.

Wie of wat het me. geïnspireer om 'n sielkundige te word?

Ek het al van kindsbeen af my passie om mense te help uitgeleef deur my ouer broers en suster se probleme te evalueer. Ek het nog altyd die aanvoeling gehad om ander mense se seer, agter hulle daaglikse maskers, raak te sien en te verstaan. Daarom het ek 'n besluit geneem om 'n verskil in meer mense se lewens te maak.

Hoekom dink me. is dit so belangrik om 'n sielkundige by 'n skool te hê?

By enige skool is sielkundiges noodsaaklik. Hulle verskaf waardevolle raad aangaande 'n leerder se totale ontwikkeling as mens. Voorligting dien as rigtingaanwyser ten opsigte van beroepskeuses in die toekoms.

Hoe sien me. u rol in Sentraal?

Ek glo dat elke kind op skool oor die vermoë beskik om suksesvol te kan wees. Daarom wil ek leerders help om hulle volle akademiese en emosionele potensiaal te bereik.

Soos verneem kom me. van Worcester af. Hoekom het me. besluit om Bloemfontein toe te verhuis?

Na my ses jaar van studies het ek my eie praktyk in Worcester begin. My man, wat ook 'n sielkundige is, het 'n oorplasing na Bloemfontein gekry wat die verhuising tot gevolg gehad het.



Liesel laat Tralies op hulle gemak voel. **Foto: Berna Coetzee**

Wat is me. se lewensmotto?

Live boldly: ek sien die lewe as 'n uitdaging waar jou foute nooit so swaar weeg soos die opwinding en geluk wat die lewe vir jou kan bied nie.

'n Tekort aan dienste rem nie Tralieland nie

INGE SCHOEMAN

Die Hoërskool Sentraal en dié se koshuis, Eie Haard, maak voorsiening vir enige vorm van watertekort of kragonderbrekings wat in die gemeenskap kan plaasvind. Opgradering het deur middel van die aankoop van watertenks en 'n 200 KVA-kragopwekker plaasgevind.

Bogenoemde beteken dat gedurende enige waterskaarsste, wat in die omgewing van die koshuis mag voorkom, die koshuisleerders nog steeds van water voorsien kan word.

Die splinternuwe watertenks kan tot en met 40 000 liter water stoor. Die watertenks is weens die waterkrisis, wat vroeër vanjaar in die stad Bloemfontein ontstaan het, geïmplementeer.

Sedert 2012 is die 200 KVA-kragopwekker by die Eie Haard Koshuis aan die werk. Hierdie kragopwekker sorg vir die werking van alle elektriese toebehore in die koshuis, al is die buurt se krag af.

Die meeste Eie Haarders sal nie eers bewus wees van 'n kragonderbreking nie. Slegs 15 sekondes na 'n kragonderbreking skop die kragopwekker in en die koshuis kan normaal funksioneer. "Dit is 'n uitstekende praktiese uitvoerbare idee. Ons het altyd elektrisiteit wat verseker dat studietyd in die aande nooit onderbreek word nie," vertel Charissa Labuschagné, matrikulant aan die Hoërskool Sentraal.

"Dit is 'n groot voorreg om in Eie Haard te woon waar ons nooit bekommerd hoef te wees oor 'n waterskaarsste of die gebrek aan elektrisiteit nie," beaam Liezel Swanepoel, inwoner van die Eie Haard Koshuis.

Trotse Tralie stap weg met krone

DANELLE JACOBS

Elizma Esterhuyse, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, maak opslae in die skoonheidswêreld. Sy het in verskeie skoonheidskompetisies met die kroon weggestap. Angelique Gerber, aktrise en televisiepersoonlikheid, meen dat Esterhuyse oor uitsonderlike karakter eienskappe beskik. Esterhuyse het onder meer die jaarlikse Mej. Diaz en Mej. O'Neil bikini-kompetisie, te Mosselbaai, gewen. Sy is as een van die twaalf finaliste gekies wat in Oktober om die Mej. Tiener Internasionaal titel in Kaapstad gaan meeding. By hierdie gewilde kompetisie sal daar deelnemers van regoor Suid-Afrika wees. Daar sal 'n groot verskeidenheid kategorieë wees. Dié kategorieë sal verskillende uitrustings van bekende ontwerpers, soos Angelique Gerber, oplewer.



Elizma Esterhuyse **Foto: Verskaf**

Gedurende die afgelope vakansie het Esterhuyse aan die SA Fashionweek te Rosebank as loopplankmodel deelgeneem. Van die uitrustings wat sy gemodelleer het, is deur Lunar, Amanda, Clive, Loxion Kulca en Claire Mckenzie ontwerp. Laasgenoemde ontwerper gaan aan 'n soortgelyke geleentheid in Malan deelneem.

Daar skuil 'n borrelende persoonlikheid agter haar glimlag. Daar word van die deelnemers verwag om met liefdadigheidswerk by die gemeenskap betrokke te raak. Sy voorsien kruideniersware aan minderbevoorregtes en help met die verskaffing van etes aan die Women's Shelter in Bloemfontein. Sy bring graag tyd saam met die kindertjies by die Women's Shelter deur. "Dit is lekker om saam met die kinders te lag en te speel," sê sy. Haar strewe is om mishandelde kindertjies te ondersteun. "Dit voel asof jy 'n verskil in die lewe van kinders maak. Elke kind soek net liefde en aanvaarding," voeg sy by.

Dié blonde skoonheid volg in die voetspore van haar ma, Ronel Ruthven, wat in 1994 'n finalis in die Mej. Suid-Afrika kompetisie was. Esterhuyse is ook deur Ingrid Burger, Mev. Suid-Afrika, aangeraai om in te skryf vir Mej. Suid-Afrika.

Een oog is genoeg om liefde raak te sien

INGE SCHOEMAN

"Iets heeltemal nuut en oorspronklik," sê Charissa Labuschagne, 'n graad 12-leerder, van dié flambojante geleentheid. Die Hoërskool Sentraal se jaarlikse Valentynsbal was beslis 'n sukses en daar is gegons oor die tema: Seerowers.

Die saal was letterlik getooi in 'n see vol kleure. Dit het vrolik en jolig gelyk - nes die liefde. Buite is die bome met feetjieliggies behang. Daar was sterre in die verliefdes se oë. Lappe is van boom tot boom gedrapeer en die musiek het 'n besondere atmosfeer geskep. Om by die tema aan te pas, is blou koeldrank en blou kolwyntjies bedien. "Ek dink dié tema vir die Valentynsbal was 'n wonderlike idee. Alles het so mooi gelyk. Dit het gevoel asof ons regtig in 'n sprokie iewers op 'n eiland was!" vertel 'n matrikulant, Chané Uys.

Die leerders het omtrent pret met hulle kostuums gehad. Selfs met oogklappe op was die vonk van die liefde nog sigbaar. "Aan die einde van die dag dra hierdie positiewe milieu tot die samehorigheid van die Tralies by," vertel Thinus Krügel 'n graad 12-leerder.

Soos wat dit enige goeie valentynsbal betaam, het daar ook 'n paar liefdes skipbreuk gely. Soos in die sitaat van Kurt Darren: "Jou dae op die skip is verby."

Daar word gesê: die liefde is die grootste skat wat ontdek kan word. Dalk is dit die skat wat seerowers met hulle oogklappe nog al die jare misgekyk het.



Liefde was tasbaar tydens 2014-Valentynsbal. **Foto: Charles Whitehead**

Leerders help nood vir nood by geleenthede

BRANDON DAFFUE

Die leerders aan die Hoërskool Sentraal wat gereeld tydens sportgeleenthede moet aandag gee aan geskeurde ligamente en bloeiende neuse het sertifikate van die Mangaung Metro Munisipaliteit ontvang.

Noodhulp bestaan uit drie vlakke. Vlak drie is die hoogste bereikbare kwalifikasie tydens 'n leerder se skoolloopbaan. Komponente in dié betrokke vlak behels die hantering van noodgevalscenario`s byvoorbeeld vergiftiging en diabetiese floutes. Pieter Smuts en Lené Opperman, beide graad 12-leerders, het hulle noodhulpvlak drie sertifikate ontvang. Bykomend verwerf hulle ook die sportspesialiteit vlak drie kwalifikasie. Dié kwalifikasie fokus op spesifieke beserings en ongelukke wat persone tydens sport op doen.

Vlak twee fokus op gevalle soos slang pikwonde en insek bytwonde. Tristan Lourens, 'n graad 11- leerder, sê: “Ek wil help om lewensverlies te voorkom en 'n verskil in die gemeenskap te maak.” Die volgende graad 12-leerders het hulle noodhulpvlak twee sertifikate ontvang: Ian Botma, Brandon Daffue , Edward Notley en Hilda Vries. In graad 11 het Tristan Lourens, Ghita Bruwer, Ilka de Beer en Albert Schultz sertifikate ontvang. Phillip van Niekerk, Ezane Nienkemper, Leonie van Rhyn en Lorraine Geel was die suksesvolle graad 10-leerders.

Vlak een omsluit net die basiese behandeling van beenfrakture en bloeding. Marno Kitching en Tiaan Ras, beide graad 9-leerders ontvang hulle sertifikate.

Traal ook eendag Traliegeneraal

"Oriëntering" kry 'n nuwe betekenis vir graad 8-leerders



Traaltroepe is slaggereed vir die oorlogsveld. **Foto: Berna Coetzee**

BERNA COETZEE

In 2014 is daar 'n nuwe tradisie in die Hoërskool Sentraal geskep. 'n Traal word gebore en betree die Sentraalbasis vir basiese opleiding. Dit is 'n graad 8-leerder wat nog nie as 'n Tralie beskou kan word nie.

“Oorlog is as tema gekies om vir die graad 8-leerders respek en dissipline te leer,” sê me. Poedels du Plessis wat betrokke was by die beplanning van dié oriëntering.

Die Traaltroepe moes die matrikulante as generaal aanspreek en het al die eerste aand geleer om te marsjeer. Die Trale kon maklik herken word aan onderskeidelik die pienk en groen bandanas.

Onderstebo skoolklere, 'n aartappel en 'n geweer, met hulle sottename op, was 'n verdere vereiste. Sotte-atletiek, -sokkie, -piekniek, boeresport en waatlemoenfees was van die prettige en ook uitputtende aktiwiteite waarmee die graad 8-leerders besig gehou is.

Sing Songs, wat vir die eerste keer in die geskiedenis van die Hoërskool Sentraal aangebied is, het gesorg vir baie opwinding. Al die Tralies was daarby betrokke en elke graad moes volgens 'n kleurskema aantrek. As ysbreker het die matrikulante waterballonne na die res van die Tralies gegooi.

Die Sottekonsert was verseker die hoogtepunt van die graad 8-oriënteringsprogram. 'n Verskeidenheidskonsert, onder leiding van me. Gerda Spies, is vir die ouers aangebied. Tydens die Sotte-eksamen moes die Trale vir 'n paar toekennings stem wat by dié geleentheid bekendgemaak is.

Die leerderraad hoop om hierdie nuwe tradisie aan die volgende generasie Tralies oor te dra.

Onnie-fotograaf skilder met lig



Die lewensketting van die natuur vasgevang op film. **Foto: Geo Jooste**

DANELLE JACOBS

Mnr. Geo Jooste, adjunkhoof aan die Hoërskool Sentraal, het reeds verskeie toekennings agter sy naam. Menige van sy werke is selfs gekies om in 'n koffietafelboek gepubliseer te word.

Mnr. Jooste het aan die Africa Photographic Awards, 'n internasionale kompetisie, deelgeneem. Daar was vier katogorieë in die kompetisie: die natuur, inwoners van Afrika, voëls en Afrika landskappe. Vier van Jooste se werke is in die koffietafelboek opgeneem.

Ollerato Molapo, 'n graad 10-leerder aan die Hoërskool Sentraal, wat verskyn op een van die foto's in die kategorie inwoners van Afrika, sê: “Ek is trots daarop om op een van mnr. Jooste se foto's, wat op internasionale vlak presteer het, te verskyn.” Mnr. Jooste het reeds drie nasionale fotografie kompetisies, waaronder een deur die WEG-tydskrif aangebied is, gewen. Hy is een van tien senior fotograwe wat genooi is om hulle werk by die mediese fakulteit in Bloemfontein uit te stal. Mnr. Jooste se wildlewe foto's, wat sy gunsteling kategorie is, sal uitgestal word.

Talle fotograwe gaan baie onkostes aan om na eksotiese plekke te reis om eksklusiewe foto's te neem. Mnr. Jooste is egter van mening dat Suid-Afrika se buitengewone natuurskoon, op die drumpel van ons voorstoep, deur die lens vasgevang kan word.

Mnr. Jooste se raad aan fotograwe is: “Wees altyd gereed om die onverwagte vas te vang.”

Leerders ruk op in getalle om gees te vang

DANIÉLLE SKOG

Dit is 'n geslote boek waarom die leerders aan die Hoërskool Sentraal se gees hierdie jaar beduidend toegeneem het. Geesvang is definitief nie die Tralies se achilleshiel nie.

Om elke graad in sy verteenwoordigende kleure te sien, was aangrypend. Dit was elke graad se verantwoordelikheid om met 'n oorspronklike kreet vorendag te kom. Elke kreet het die betrokke sportsoort uitgebeeld. Almal het begeesterd deelgeneem. Dié inisiatief van die geesvangkomitee sal bydra tot die eenwording van die Traliegemeenskap.

Die leerderraad aan die Hoërskool Sentraal poog om ten minste twee keer per kwartaal 'n geesvangaand te hou. “Geleenthede soos dié word hoog gegag deur die Tralies,” sê Inge Schoeman, 'n leerderraadslid.

Van hierdie jaar se hoogtepunte was die optogte tydens die kleursport, die Waterkloof inter en die Jim Fouché *FNB Classic Clash*. Leerders het met groot entoesiasme in getalle aan dié geleenthede deelgeneem.

Hierdie jaar wys die matrikulante dat hulle bloed uit enige klip kan tap, of eerder gees uit enige Tralie. Terwyl die graad 8-leerders nog sukkel om *Victory* te spel, is die matrikulante reeds besig om die volgende trap op die leer na sukses te klim.

Met só 'n gees kan die Tralies berge versit!

Skandeer vir meer!



Juvenes Cantantes gaan internasionaal optree

Budapest, Venesië, Italië tot Pole - oppas vir een van die beste skoolkore

PAUL SCHALL

Groot opgewondenheid heers onder die lede van die Hoërskool Sentraal se koor, Juvenes Cantantes, nadat dit onlangs bevestig is dat die koor aan die einde van die jaar op 'n Europese toer gaan vertrek.

Gedurende die eerste paar weke van die nuwe skooljaar is die koorlede (en hulle ouers) formeel deur die koorleier, mnr. Corné van Pletzen, ingelig dat 'n oorsese toer vir die einde van 2014 beplan word. Die voorlopige toerprogram is vir insette aan die ouers gestuur. Vyf en veertig koorlede, drie onderwysers en 'n handjievol ouers asook ander belangstellendes gaan saam toer.

Die toer gaan twee weke lank duur. Op 2 Desember sal die toergroep vanaf die O.R. Tambo Internasionale Lughawe via Dubai na Warskou, Pole vertrek. Daar sal ses nagte in Pole vertoef word. Die koor sal onder andere by die Advent en Kersfees Koorfees in Krakau optree. Hulle sal ook Zakopane, Pole se gewildste vakansieoord, besoek.

Daarna kom Hongarye en Slowenië en hulle hoofstede, Budapest en Ljubljana, aan die beurt. In Budapest sal die koor in die St. Stephan Basilika optree en ook die sitadel op die Gellért-heuwel besoek. Die toer eindig in Venesië, Italië, waar die koorlede een nag sal tuisgaan.

In Venesië sal die wêreldberoemde bakens van hierdie merkwaardige stad, soos die Dogepaleis en die St. Markus Basilika, besoek word. Op 15 Desember sal die koor vanaf Venesië huiswaarts keer.



Die wêreldklas-harmonie, in Juvenes Cantantes, is sigbaar. **Foto: Verskaf**

Dramagroep met 'n visie



Masquerade Productions kies leerders aan die Hoërskool Sentraal om deel te wees van die ATKV-Kortfilmkompetisie. **Foto: Verskaf**

LIZE JACOBS

Ligte, kamera, aksie... 'n Bloemfonteinse top-dramagroep, *Masquerade Productions*, bestaan uit 'n groep jong, talentvolle, opkomende akteurs.

Die groep het vroeër vanjaar met hulle opnames begin. Hulle poog om die produksie in Julie 2014 te voltooi.

Tydens die verfilming is verskeie dele van Bloemfontein op film vasgevang, insluitend die Tralieland. Hierdie is nie die gewone amateurrolprent wat in 'n dag vervaardig word nie.

Sketse van ons is gebaseer op 'n ware verhaal en is geïnspireer deur Marsha-Ann van der Walt, die regiseur van die film. Die groep is gemotiveerd, verstaan mekaar en kom goed oor die weg. "Die gevoel van familie-wees, agter die skerms, maak die verfilming spesiaal," sê Simoné Beukes 'n graad 12-leerder aan die Hoërskool Sentraal.

Hulle poging om die film onder die top drie van die ATKV-Kortfilmkompetisie, wat in Julie plaasvind, te kry, is definitief binne bereik. Die uitslae word in September bekendgemaak. Die wenners se film sal dan op *Kyknet* en *YouTube* verskyn.

Me. Anesta Smal, wiskunde-onderwyseres, meen dat geleenthede soos dié 'n goeie platform skep vir jongmense om hulle selfvertroue te verbeter - 'n vaardigheid waarby hulle ook in die toekoms sal baat.

"Dankie aan me. Smal, me. Barbara Engelbrecht en mnr. Deon van Wyk vir hulle verskyning in die film. Met dank aan mnr. Johan Vorster, skoolhoof aan die Hoërskool Sentraal, vir die geleentheid om by die skool te kon verfilm. Ons hoop dat hierdie film leerders aan die Hoërskool Sentraal sal inspireer om aan drama as buitemuurs deel te neem," sê Beukes.

Kringleiers vang vis vir Jesus

LISA-MARI DE KLERK

Die nuwe kringleiers van 2014 het vroeër vanjaar by die Retief Kampterrein gaan kamp. Gedurende die kamp is daar opnuut besef dat 'n lewende verhouding met God van belang is.

"Dit was 'n besondere kamp gewees veral omdat dit ons, as matrikulante, se laaste kamp was. Ons het nader aan mekaar en aan die Here gegroei," het Rochelle van den Berg gesê.

Die Hoërskool Sentraal se Verenigde Christenstudentevereniging (VCSV) beoog om gedurende die jaar voluit vir Jesus te leef en te werk. Daar word gepoog om meer leerders betrokke te kry deur middel van algemene byeenkomste, goeie sprekers en lofprysingsdienste. Leerders kan ook uitsien na 'n jeug- en waardeweek.

Weeklikse byeenkomste word gehou om aan leerders die geleentheid te bied om binne 'n gekoesterde omgewing oor godsdienstige vrae sowel as aktuele sake te gesels.

'n Kringleier streef na die volgende: om die Here met jou hele hart en siel te dien, gereelde bywoning van die normaalklas op Woensdae en geestelike bystand aan Tralies.

"Ons nooi almal uit om deel te word van die VCSV. Ons almal het mekaar en die Here nodig, veral in die moeilike tye waarin ons vandag lewe," sê me. Chrisnette van Vuuren, aktiwiteitshoof van die VSCV.

"God het ons as kringleiers by die naam geroep. Alleen deur God se genade, liefde en krag sal ons, as 'n span, vissers van mense kan wees. Hy is reeds besig om aan elkeen van ons se stories te skryf," vertel 'n matrikulant, Janin Rabie.

Krete dreun op ritme van 'n trom

LEANDRIE SLABBERT

Vroeg in die kwartaal is daar aangeklop by mnr. Hans Potgieter, hoof van die Sentraal Musiek Akademie (SMA). Die gesprek het oor die nuutste initiatief, die *Drum Line Band*, gehandel.



Volgens mnr. Potgieter is 'n *Drum Line Band* 'n Amerikaanse tradisie wat spruit uit die militêre gemeenskap. Dié orkes bestaan uit 'n aantal tromslaners, tot en met 16 rye, wat gedurende 'n formele parade voor die troepe of sportspanne uitloop.

Dit verg konsentrasie, dissipline en harde oefening om terselfdertyd te beweeg én verskillende ritmes op die tromme te slaan. Die *Drum Line Band* beplan om gedurende sportgeleenthede die Hoërskool Sentraal se sportspanne vooruit te gaan.

Die moontlikheid bestaan ook dat dié groep in die toekoms aan kunswedstryde sal kan deelneem en selfs op nasionale vlak kan kompeteer.

"Ek dink dat die *Drum Line Band* nuwe geesdrif onder die Sentraalleerders sal bring. Dit sal 'n eer wees om deel te kan wees van hierdie nuwe initiatief en ek glo dat dit 'n groot sukses sal wees," sê Johan Kriek, 'n graad 12-leerder.

Mineur Hans speel die regte note

Meneer Potgieter begelei die Bloemfonteinse Mannekoor



Bloemfontein mannekoor, slaggereed vir hul optrede in die Odeion. **Foto: Verskaf**

DANELLE JACOBS

Mnr. Hans Potgieter, hoof van die Sentraal Musiek Akademie (SMA), maak opgang in die musiekwêreld. Die Bloemfontein Mannekoor, wat deur hom afgerig en begelei word, is uitgenooi om aan die Internasionale Eistedfodd in Llangollen, Wallis (VK) deel te neem. Slegs vyf mannekore wêreldwyd is uitgenooi om aan hierdie beroemde musiekfees deel te neem.

Die Mannekoor is ook genooi om aan die *British Broadcasting Corporation* (BBC) se Llangollen Prestigekonsert op 11 Julie deel te neem. Hierdie konsert word deur Koninging Elisabeth II bygewoon en regstreeks deur die BBC wêreldwyd uitgesaai. Hierdie koor van 20 lede het 'n spesiale verbintenis met die SMA. Van dié koorlede is deur me. Alida van der Walt en mnr. Potgieter (verbonde aan die SMA) opgelei.

Die koerant, *The New Age,* het 'n volblad artikel gewy aan die Mannekoor se optrede tydens die Vrystaat provinsiale regering se amptelike feesprogram ter herdenking van Vryheidsdag. Tralies het die geleentheid gekry om na 'n optrede van dié koor in die Eeufeessentrum te luister.

Mnr. Potgieter is onlangs genooi om tydens die openingskonsert van die bekende Odeion Musiekfees 'n uitvoering te lewer. Verdere optredes vanjaar sluit die inweiding van die Hoërskool Fichardtpark se nuwe vleuelklavier en 'n reeks kamermusiekkonserte, geborg deur die Internasionale Kunstetrust, in. Potgieter wat sy opleiding in Switserland en Frankryk ontvang het, is 'n pianis met 'n passie vir musiek.

"Wanneer ek goed voorberei het, is ek gretig om op die verhoog te stap en met die gehoor, dit wat vir my mooi en essensiëel is, te deel," sê dié pianis.

Eerste inter begin op 'n hoë noot

SUZÉL LESSING

Die Hoërskool Waterkloof se groot busse verskyn een vir een by die Hoërskool Sentraal. Die Klofies is reg om die Bloemfonteiners met hulle nagtegaal stemme asook 'n verskeidenheid instrumente te betower.

Tydens die Waterkloof-inter het mnr. Johan Vorster (skoolhoof) die geleentheid geopen en mnr. Hans Potgieter, (hoof van die SMA) het die gaste verwelkom. Daar was nege items op die program.

Verskeie items waaronder blokfluit-, klavier- en viooluitvoerings asook sang-items is deur die Tralies gelewer. Die *Jazz Combo* van die Sentraal Musiek Akademie het, onder leiding van Hendri Liebenberg, twee stukke *Blue Panther* en *Fly me to the moon* gespeel.

Die Klofies lewer, onder leiding van Stefan Els, 'n pragtige orkes- en 'n gemengde koor uitvoering.

Chrismari Grobbelaar, blokfluitmusikant aan die Hoërskool Sentraal, het haar optrede as volg beskryf: "Dit was 'n voorreg om voor so 'n uitgelese gehoor te kon optree. Ek kan nou met meer selfvertroue my musiek vertolk."

Die onderskeie skoolkore het dié aand met prysenswaardige uitvoerings afgesluit. Die Hoërskool Waterkloof het die gehoor met 'n Afrika-tromme item beïndruk. Juvenes Cantantes het 'n uitmuntende uitvoering gelewer met die lofprysingslied *Praise His Holy Name*.

Voortrekkers is op koers na Piet Retief-kamp



Vories kook die koffie en slaan die tentpenne in. **Foto: Verskaf**

CARMIN VERMAAK

Die Voortrekkers se jaarprogram het afgeskop met die jaarlikse kommando kamp te Piet Retief kampterrein. Twee kentekens kon tydens die kamp verwerf word.

Om die Noodhulp kenteken te verwerf moes elke verkenner onder meer Kardiopulmonale Resussitasie (KPR) suksesvol toepas. Die hoofdoel van dié kenteken is om jongmense te leer hoe om basiese noodhulpvaardighede toe te pas.

Daar is aan verskeie aktiwiteite deelgeneem: 'n uitdagende hindernisbaan, prettige waterspele, 'n Master Chef-kompetisie en 'n jolige sokkie.

Die graad 8-verkenners het meel op die vloer gegooi en geskoffel tot laatnag. Die graad 9-verkenners het hulle skoolbaadjies vir chef-baadjies verruil en die kospotte behoorlik aan die kook gehad.

Hare op die tande was egter nodig vir die graad 10-verkenners se Leierskamp. Om nie eers te praat van die graad 11-verkenner Veldkamp wat enige Survivor-deelnemer sal laat bloos nie.

Ilka de Beer, 'n graad 11-verkenner, wat ook aangewys is as een van die Vrystaat se nuwe gebiedsjeugleiers sê: “Die sweet, modder en min slaap was uitmergelend.”

Elke graad 12-verkenner ervaar heimwee en nostalgie tydens hulle laaste kamp - dié Seniorkamp - wat die einde van hulle Voortrekker avontuur aankondig.

kultuur-kalender

5-11 MEI
St. Michael's Kunswedstryd

19 MEI
Voortrekkers: HW/PV
Uitnodigings vanaf Hoofbestuur

28 MEI
Voortrekkers: Afsluiting

28 JUNIE - 2 JULIE
Voortrekkers: Winterkamp
Doornkloof

28 JUNIE - 4 JULIE
Akademiese Vereniging-toer

23 JULIE
Voortrekkers: Vlagseremonie

30 JULIE
Voortrekkers: Spanbou - KJL

1 AUGUSTUS
Voortrekkers: Mara Theron Aksiekrieket

6 AUGUSTUS
SMA Vakmusiek Latyns-Amerikaanse Aand

16 AUGUSTUS
Voortrekkers: PV/HW
Toekenning Doornkloof

29 AUGUSTUS
Voortrekkers: Touwerkspesialisasie - Brandkop

30 AUGUSTUS
Voortrekkers: Spyseniering en Wynkennis - Brandkop

3 SEPTEMBER
Voortrekkers: Verkenner
Lentedag Braai Gr. 11

30 SEPTEMBER
Voortrekkers: Verjaarsdag

15 OKTOBER
Voortrekkers: Vlagseremonie
Kentekens/ABC Finalisering

17 -19 OKTOBER
Voortrekkers: PSMK Damjol

29 OKTOBER
Voortrekkers: Toekenningsaand

19 NOVEMBER
SMA Afsluiting



PLATO SE GROT

Hulle sê dat die enigste drie dinge wat 'n vrou kort is: sjokolade, komplimente en koffie. Laasgenoemde kon 'n probleem gewees het tydens 'n baie berugte tydperk in die Traliegemeenskap.

Ek is seker daarvan dat almal die sogenaamde 'waterkrisis' vroeër vanjaar onthou. Daardie twee dae het selfs die fynste meisies jou herinner aan 'n rugbyspeler na 'n taai wedstyd. Ek kon myself nie help om my so 'n klein bietjie te verlekker in die 'fynproewers' se ongerief nie.

Die krisis het, na my mening, baie meer stof opgeskop as wat daar in die eerste plek op die grond was. 'n Eenvoudige pompblokkasie / damopdroging (kies een wat pas met die storie wat jy gehoor het) is dadelik in politieke ammunisie omskep. Daar was geen vrede ter sprake nie. Almal het sekerlik ook die nuus gehoor van die weermag wat dreig om op te hou water aanry na sekere woonbuurte. Inwoners lei blykbaar hulle tuine daarmee nat. Ons is immers medeverantwoordelik vir die bewaring van die plantlewe op aarde.

Ek is seker nie verkeerd as ek sê dat amper elke leerder opgewonde was oor die 'af dae' wat hulle ontvang het nie. 'n Vyfdag langnaweek! Wat kan tog beter as dit wees? Gelukkig was die 'krisis' sommer vinnig onder beheer en die stad se ratte weer in beweging. Ek dink diep in hulle harte was almal weer bly om 'n lekker warm stort te geniet.

Wanneer 'n mens opnuut bewus word daarvan dat water nie bloot vanselfsprekend uit jou kraan getap gaan word nie, besef mens dat daar soveel dinge in ons allerdaagse lewe is om voor dankbaar te wees. Sommige mense kom nooit tot hierdie besef nie.

Die probleem is dat as daar nie water is om die koffie mee te maak nie, kan jy nie wakker skrik en die koffie ruik nie. Wat 'n nagmerrie vir die koffiefynproewer.

Vergewe my as ek melodramaties is, gelukkig kan mens nie kla wanneer jou mond vol koffie is nie.

- Wysgeer

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Lank lewe die liefde vir papierkoerant

BERNA COETZEE



Die eerste sekulêre papierkoerant, die *SA Commercial Advertiser* is in 1824 gepubliseer. Bykans 200 jaar later vier papier nogsteeds hoogty.

Menige debatte is al rondom die vraag of die papierkoerant behoue gaan bly, gevoer. Dit is skrikwekkend om aan die transformasie wat nuwe tegnologie te weeg bring te dink.

Tog, in 'n wêreld waar die sosiale media teen die gedrukte media kompeteer, bereik koerante daagliks wêreldwyd 20% meer mense as die internet.

Die Tralie Varia is allesomvattend en beskryf die gebeure wat in en om die Hoërskool Sentraal plaasvind. Die kernredaksie se hoof doelwit is om al die fasette vas te vang in een toonvenster van kwaliteit.

Hand-aan-hand daarmee loop die liefde wat so deel van die Suid-Afrikaanse kultuur is soos soengroet, braaivleis en hardloop-rugby met biltong.

In hierdie uitgawe word die liefde beklemtoon: die valentynsbal wat 'n nuwe liefdeswending aangeneem het en die vraag of skoolverhoudings die moeite werd is. Bloemfontein se waterkrisis was ook op die punt van menige Tralies se tonge.

Is daar egter 'n vooruitsig vir die Tralie Varia?

Die Tralie Varia is van onskatbare waarde vir die Hoërskool Sentraal. Dit hou die leerders asook die publiek ingelig. Die mag van gedrukte woorde behoort beslis nie onderskat te word nie. Die bekende, tradisionele en standvastige papierkoerant sal verseker nog in die toekoms op straat verkoop word.

Lank lewe die liefde – die ware liefde en die liefde vir die papierkoerant.



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys!! 078 859 5992



REDAKSIE 2014

REDAKTEUR
Berna Coetzee

NUUS
Inge Schoeman - Bladredakteur
Brandon Daffue, Danelle Jacobs, Danielle Skog, Madia Steenkamp

KULTUUR
Danielle Giorgi - Bladredakteur
Jana Nel, Leandrie Slabbert, Lize Jacobs, Lize-Mari de Klerk, Suzel Lessing, Paul Schall

JOERNAAL
Paul Joubert - Bladredakteur
Kirsten Beyers, Carmin Vermaak

KOSHUIS
Bernadette Veldsman - Bladredakteur
Christine de Wet, Elrie Meyer, Georgie Jansen van Rensburg, Mia Wentzel

SPORT
Martinique Ferreira - Bladredakteur
Carl Kellerman, Gyldon Lourens, Hanré Herbst, Johan Kriek, Marja-Lize Nel, Maryna van Wyk, Stephen Pretorius, Zetske Posthumus

REKLAME
Danielle Giorgi

SPOTPRENTE
Rosely Jacobs

FOTO'S
Nadien Vorster, Leonore Prinsloo, Natasja Jansen

E-KOERANT

Gerduan Kemp
(Skandeer QR-kode op bladsy 3 om die Tralie Varia e-koerant gratis af te laai vir jou slim-toestel.)

GEDAGTES AGTER TRALIES

Geagte Redakteur

Ek wandel al vir jare deur die bekende skoolgronde en verwonder my aan die argitektuur en die nagelate voetspore van my voorgangers en word vir 'n oomblik stil onder die akkerboom in Neethlingshof.

Daar is iets magies aan die natuurskoon. Die akkerboom is ons kalender waaraan ons tyd, drome en ideale hang. Sy ken ons hartseer, sy voel ons geluk en ontvang ons geliefdes se name in die jaarlyne van haar bas.

Die akkerboom staan kaal en grys en dit laat ons besef dat ons grootmensdae naby is. Die tyd om name uit te kerf, stories te bou en om in die veiligheid van haar skadu stokkies te draai, loop uit soos die sand in die uurglas. Onder haar wakende oog het ons groot geword.

Ek het gewoonlik haar blare opgetel en in my swaar handboeke gepars, om dit maande later weer te vind. Vandag tel ek die blare op en hartseer besef ek dat die groen na geel en bruin verkleur. My tas raak ligter en my dae van wittrui dra word, saam met die herfsblare net soos my voetspore, al hoe minder...

- Vier-seisoene-Tralie

Musiek is die taal wat almal goed verstaan

Jongmense identifiseer met die klanke wat deur hulle oorfone pols

CARMIN VERMAAK

Musiek hoef nie verduidelik te word nie, want soos Patrick Rothfuss een keer gesê het: “Geen verduideliking is by musiek nodig nie, want musiek verduidelik dit self.”


Musiek is nie net 'n vorm van melodiese ritmes en klanke nie. Nee, musiek is meer as dit! Musiek vorm gedagtes, wek emosies by mense en dien as daaglikse inspirasie.

Die vraag is egter: waar vind die leerders aan die Hoërskool Sentraal hulle inspirasie as dit by musiek kom? 'n Groep leerders van verskeie grade het aan 'n studie deelgeneem om vas te stel waarna die Tralies luister.

Veertig persent van die leerders het aangedui dat die tipe genre wat hulle verkies popmusiek is. Rock-musiek het 15% van die stemme geniet, metal 12%, elektroniese musiek 10%, klassieke musiek 8%, hip hop/rap 7%, jazz 5% en 'n skrapse 3% van die stemme het gegaan aan latyns-amerikaans.

Die top drie liedjies waarna die Tralies luister is: in die 3e-plek Royals deur Lorde , in die 2e-plek Talk Dirty deur Jason Derulo en 2 Chainz en in die 1e-plek is dit die liedjie Timber deur Ke$ha en Pitbull.

Vyf en veertig persent van die Tralies het aangedui dat hulle nuwe musiek saam met hulle vriende ontdek. Daarenteen ontdek 25% leerders nuwe musiek deur radio te luister, 20% deur You Tube te besoek en slegs 10% sien dit op die televisie. 'n Enorme 75% van die leerders verkies om na musiek op hulle selfone te luister. Slegs 25% vekies hulle iPod's.



Of jy dit nou verkies om na Beethoven se negende simfonie, Animals se Tsunami of selfs Boeremusiek te luister is irrelevant. Die feit bly staan dat musiek, al is dit in verskillende tale, ritmes en klanke, as inspirasie dien. “Musiek is die polslag van die lewe,” - anoniem.

FLIEKRESENSIE

The Lego Movie is 'n lokettreffer



PAUL JOUBERT

Titel: The LEGO Movie
Genre: Familie aksie-avontuur animasie komedie
Regie: Phil Lord, Christopher Miller
Oueraanbeveling: Ouer toesig aanbeveel

Indien 'n komedie so oorlááí word met goeie grappies dat die gehoor soms verwar word, haal filmkritici onmiddellik hulle boekies en penne uit.

Die storie volg Emmet, 'n reël-gehoorsame konstruksiewerker, wat op die *pièce de résistance* afkom. Hy ontmoet vir Wyldstyle, die vroulike protagonis. Sy en Vitruvius, 'n towenaar, verwar hom met The Special - 'n sogenaamde meesterbouer - wat die wêreld van die bose Lord Business kan red. Hy reis reg deur die Lego-wêreld om die bose Lord Business te oorwin.

Lord Business beplan om die hele Lego-wêreld met die super-wapen Kragle ('n buis Krazy Glue) te vries. Hy is egter ook die president van die fiktiewe Lego-brandstof-maatskappy, Octan, wat in 1992 deel van die Lego-wêreld geword het.

Chris McKay, hoof-animeerder van hierdie film, sê: “Ons is soos kinders. Die feit dat ons 'n film gemaak het wat absurd, ambisieus en eg was, was vir my 'n besondere ervaring. Mense kyk vasgenael na hierdie film.”

Die eindtitels is deur die ervare Brian Mah, James Anderson en Kathy Kelehan'n jaar voor verfilming begin, aangesien dié uit werklike Legoblokkies gebou moes word. Hierdie blokkies is regoor die Verenigde State van Amerika gesoek en deur 'n kundige span van dertig lede aanmekaargesit.

Hierdie film het sover twee internasionale filmpryse verower en is 188e op die internasionale filmdatabasis se top 250 films. Tot en met die dertiende April het *The Lego Movie* 'n totaal van R4,46 miljard ingeryg.

Hierdie film sal enigiemand wat ooit met Lego's gespeel het op 'n nostalgiese reis van avontuur en komedie neem.

Die fliek is vir oud en jonk en verdien 'n telling van 7 uit 10. Gryp jou springmielies en *Slush Puppy* en besluit self.

Ware liefde is nie net kalwerliefde

BERNA COETZEE

Skoenlappers-in-jou-maag is 'n bekende gevoel. Maar is skoolverhoudings werklik die moeite werd?

Daar is nie 'n liefdesverhaal wat 'n mens so aangryp soos wanneer 'n oud-Tralie jou vertel dat hy en sy vrou mekaar al sedert hulle skooldae ken nie.

Een Tralie-sprokie is dié van Anchen Calitz, 'n matrikulant aan die Hoërskool Sentraal, wie se ouers al 27 jaar getroud is. Beide haar ouers, Seppie en Pennie, is oud-Sentralers. Hulle het mekaar in 1979 ontmoet toe me. Calitz (néé Laubscher) in graad 9 en mnr. Calitz in graad 10 was.

“Dit was die lekkerste tye van my lewe, veral omdat ek my trouman ontmoet het,” vertel sy.

Daar het egter 'n paar dinge verander as dit kom by skoolverhoudings. Die uitdrukking: “Ons is gekys” het plek gemaak vir “Ons is saam”, “Ons kuier by mekaar” en “Ons gaan uit”. Soms wonder 'n mens waar is die dae toe 'n seun nog 'n meisie by haar ouerhuis kom oplaai het en haar pa se blad geskud het.

Vir Danielle Giorgi, hoofdogter van 2014, en Tinus van Staden is die liefdespaadjie net 'n fees. Hulle is al vier jaar saam en nie een is spyt oor hulle besluit nie.

“Ek geniet die skoolliefde. Die ondersteuning, motivering en ongelooflike herinneringe wat ek daaruit put is kosbaar. Dit is lekker om te sien hoe ons saam gegroei het in die afgelope vier jaar,” vertel Giorgi.

“Vir ewig is 'n term wat leerders gebruik om te verwys na 'n tydperk van ongeveer twee weke,” tweet 'n tienermeisie. Word die verhoudings ernstig opgeneem? Menige webtuistes getuig dat slegs 2% van alle hoërskoolverhoudings tot 'n huwelik lei.

Hierdie persentasie is laag, maar skoolverhoudings is tog 'n goeie leerskool met die oog op toekomstige verhoudings. Al hou die verhouding nie na skool nie, sal jy steeds 'n paar waardevolle lesse uit jou foute leer.

Dressing Room
FASHION BOUTIQUE
079 433 5391

Jou huis is waar jou (Eie) Haard is

Brakke bou brûe tydens vanjaar se koshuis innaweek



Brakke en Trale verkeer gesellig voor die Eeufeessentrum. **Foto: Inge Schoeman**

MIA WENTZEL

Die inblynaweek van 2014 was soos altyd 'n ysbreker. Oud en nuut is weer terug by hulle tuiste.

Vrydagaand het met die Trale tofparade, wat skreeusnaakse gevolge gehad het, afgeskop. Oudergewoonte was die matrikulante aan die stuur van sake wat vir vetpret gesorg het.

Saterdag het vir nog meer opwinding gesorg. Die meisies het geesdriftig met vlugbal afgeskop terwyl die seuns raakrugby gespeel het. Die matrikulante het in albei sportsoorte geseëvier en die meisies het weer die haas uit die hoed gepluk as die algehele wenners.

Hierna is daar heerlik in die skoolswembad baljaar. Na 'n smaaklike middagete is die koshuisleerders met 'n konsert deur die Trale vermaak. Die aand se verrigtinge is met 'n jolige sokkie afgesluit.

"Die studiesaal kan beslis herdoop word na die Tralie Danskraal," sê Gerhard Steyn, 'n graad 11-koshuisinwoner.

Sondagoggend het die koshuisinwoners 'n erediens by die Berg-en-Dal-Gemeente bygewoon. So is die naweek op 'n gepaste wyse afgesluit.

Eie Haard kweek tradisie, spangees, samehorigheid, respek en mensliewendheid. Die Trale is hiermee in die Eie Haard familie verwelkom.

Nuwe besems vee koshuis-stoepe skoon

BERNADETTE VELDSMAN

Die Eie Haard Koshuis het vanjaar plek gemaak vir nuwe leerders sowel as onderwysers.

Mnr. Pieter Daffue en sy vrou, Jeanri, het aan die begin van die jaar in die Eie Haard Koshuis ingetrek. "Aan die begin was dit vir my 'n groot aanpassing om van Jagersfontein na die stad te verhuis," sê mnr. Daffue.

"Na 'n lang dag by die werk is dit tog te lekker om terug te keer huis toe met die wete dat ek nie nou agter die kospotte hoef in te skuif nie," bieg me. Daffue, giggelend.

As deel van hulle koshuispligte moet mnr. Daffue en sy vrou die koshuisleerders vervoer.

'n Paar jaar gelede het die Eie Haard Koshuis ook die voorreg gehad om die Neethling-familie in die koshuis te verwelkom. Na mnr. en me. van Wyk die koshuis verlaat het, het me. Ingrid Neethling ingestem om me. van Wyk se diensverpligtinge oor te neem.

"Na my eerste diensbeurt het al my bekommernisse van die nuwe posisie stadig maar seker met elke glimlag van die vriendelike dogters verdwyn. Ek is nie vir een oomblik spyt dat ek ingestem het om een keer 'n week 'ma' te speel vir meer as 'n 100 tienermeisies nie," verklap me. Neethling.

Die Eie Haard Koshuis het nie net onoortreflike kinders, kos en kamers nie, maar skitterende personeel wat 24-uur van die dag ondersteuning aan elke koshuisinwoner bied. Dít is waarlik 'n tuiste weg van die huis.

Wild Olive Estate R1 249 000



Nuwe meenthuis ontwikkeling

NUWE 24 UUR SEKURITEIT ESTATE

Property24 web ref 101592669

3 Slaapkamer	Type A	167.2 m²	R1 399 000	UITVERKOOP
2 Badkamer	Type B	149.6 m²	R1 249 000	
2 Motorhuise	Type C	172.5 m²	R1 429 000	UITVERKOOP



Erna van Vuuren
082 452 9014

TRIA Real Estate
www.triarealestate.co.za

Maak tien ponies in twee minute



Trale se meelbelaaide gesigte hang. **Foto: Martinique Ferreira**

GEORGIE JANSEN VAN RENSBURG

'n Nuwe omgewing bring verandering mee. Dít bly verseker een van die grootste uitdagings vir 'n nuwe graad 8-leerder aan die Eie Haard Koshuis.

Maanskyn en rose is skoonveld wanneer jy elke oggend op jou knieë moet swoeg terwyl jy die Eie Haard Koshuis volwaardig groet. Vanuit die staanspoor blyk dit of die Trale in die Eie Haard Koshuis 'n bietjie swaarder trek as dié in stad.

Die opdrag om tien ponies in twee minute te maak was aanvanklik 'n nagmerrie. Na tien dae se oefen kon die Trale egter flink vat en dit (sonder om in die spieël te kyk) binne twee minute kaf draf. "Ons moes meer as koppe bymekaar sit om strikke in ons ponies te bind," sê Elmé Strauss, 'n nuwe lid van die Eie Haard familie.

"As jy heeldag na jou voete staar, besef jy hoe interessant jou skoene werklik is," sê Gerda Roux, 'n Eie Haard Traal. Gedurende die Eie Haard Koshuis se verpligte inblynaweek verwelkom hulle die klein "haardjies" op 'n spesiale wyse.

Soms raak die week tog bietjie lank en word daar trane gestort. Dan troos die seniors gou om weer 'n glimlag te laat verskyn.

Blokke byt biltong en opponente baie hard

Sentraal rugby speel van suid na noord die land aan die brand

JOHAN KRIEK



Stefano Ekkerd veg hard om balbesit te behou. **Foto: Geo Jooste**

Die gedruis van tokse, 'n lemskril fluitjie en die reuk van biltong, vervang die somer en kondig die begin van die rugbyseisoen aan.

Senior rugbyspelers aan die Hoërskool Sentraal het reeds vroeg vanjaar om hulle onderskeie posisies in die eerste XV meegeding. Denzil Fiff, senter van dié span, sê: "Ek sien al my hele hoërskoolloopbaan daarna uit om 'n bloktrui oor my kop te trek."

Die seisoen is met 'n naelskraapse nederlaag teen Landboudal afgeskop. Dít het die span gemotiveer en in die volgende drie wedstryde is uitstekende hardloop-rugby gespeel. Hulle het die Hoërskool Hentie Cillers en die Hoërskool Noord-Kaap verslae op die middellyn gelaat met die tellingbord onderskeidelik 25-23 en 20-12 in die Blokke se guns.

Hulle veroorsaak 'n opskudding deur die Hoërskool Waterkloof, wat tans 5e op die SA-skole ranglys is, met 35-21 te oorwin.

Die groep seuns se besoek aan Oakdale Landbouskool, net buite Riversdal in die Wes-Kaap, was baie suksesvol. Die Blokke het die Hoërskool Pietersburg (27-3) en die Hugenote Hoërskool (36-20) laat les op sê, maar het in die finaal naelskraap teen Oakdale met 3-12 verloor.

DP de Lange is as die beste agterspeler aangewys. Hy en drie ander Tralies - SJ Wessels, Lafras Becker en SJ Fourie - word as die beste spelers in hullle onderskeie posisies aangewys. DP de Lange sê: "Ek is baie trots op die span se optrede tydens die toernooi."

Volgens die afrigters, mnre. Adolf Swiegers en Jorrie Grobler, gaan hierdie span nog groot hoogtes bereik. Mnr. Swiegers deel nie net sy rugbykennis met die Blokke nie, maar is ook die afrigter van Heimat - 'n privaat manskoshuis aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Heimat het die Steinhoff Varsity Cup koshuisbeker vir 2014 teen Patria (PUKKE) 20-12 gewen.

Johan Strydom (slot) sê: "Die eindfluitjie het nog lank nie geblaas nie. Daar is nog baie klipharde rugby wat gespeel moet word voor die finale telling op die bord sal verskyn."

Atlete lewer volgehoue prestasies

MARJA-LISE & MARYNA

Die Hoërskool Sentraal het hulle atletiekseisoen op 'n hoe noot begin. Deelnemers kon op hulle toegewyde ondersteuners staatmaak wat deur wind en weer langs die baan te siene was.

Vir die eerste keer in die skool se geskiedenis is daar na afloop van die interhuis-atletiekbyeenkoms in elke ouderdomsgroep 'n beste atleet aangewys.

Die volgende rekords is verbeter: Hanré Herbst het die 3000m seuns o.19 in 'n tyd van 10:12,82s gehardloop - 'n verbetering van 2,4s op die vorige rekord. Arné Fourie het die hoogspring dogters o.15 se rekord geëwenaar.

Die Geelspan het nie net tydens baan- en velditems stof in die opponente se oë geskop nie, maar het ook met die geesbeker weggestap. Die Groenspan was kort op hulle hakke met hulle foutlose danspassies en oorspronklike liedjies.

'n Hoogtepunt op die Hoërskool Sentraal se kalender was die NWU Pukke Top 20 byeenkoms. Skole van regoor Suid-Afrika se top atlete het tydens die prestige byeenkoms kragte gemeet. Dit is altyd 'n groot eer vir atlete om na die geleentheid uitgenooi te word.

"Die Hoërskool Sentraal kan hulle self op die skouer klop vir 'n puik georganiseerde byeenkoms," sê 'n ondersteuner wat dié byeenkoms bygewoon het.



Atlete hardloop doelgerig na die wenstreep. **Foto: Geo Jooste**

Lewensredders raap medaljes uit hande

STEPHEN PRETORIUS

Bloemfontein het die SA Stilwater lewensredding kampioenskap gehuisves. Die Vrystaat was 21 jaar gelede, in 1993, die gasheer. Die Vrystaatspan was een van die nege provinsiale spanne wat aan die kampioenskap deelgeneem het.

Dié kompetisie het vier dae lank geduur. Die swemitems is by die nuwe en opgegradeerde Stadionswembad geswem en die oopwater items het te Maselspoort plaasgevind.

Die kompetisie het lewensredders se uithouvermoë met verskeie items en aflosse deeglik getoets. Onderwater hindernisse en nagemaakte noodsituasies is van die veeleisende items wat by die dam sowel as die swembad plaasgevind het. Poppe word in die plek van drenkelinge gebruik. Die item is 'n 100m-*manakin rescue* waar die lewensredder met paddavoete so ver as moontlik onder water moet swem. Die pop word dan van die bodem van die swembad gelig en die laaste 50m word met die pop voltooi.

Vier lewensredders vorm 'n aflosspan. Die aflos bestaan uit drie bene. Die eerste 50m word onderwater met paddavoete geswem. Die 1e-lid swem so ver as moontlik (met paddavoete) onderwater waarna die 2e-lid die res van die 50m ook onderwater moet voltooi. Hy red die pop en gee dit oor aan die 3e-lid wat dan (sonder paddavoete) die pop 'n volle 50m moet trek. Die pop word dan finaal aan die 4e-lid oorgegee wat die laaste 50m (met paddavoete) moet voltooi.

Die Vrystaat het algeheel 5e geëindig. Ses van die Tralies was deel van dié span. Hulle het uitstekend gevaar in hulle onderskeie ouderdomsgroepe. Tinus Krügel behaal 'n 2e-plek o.19. Wesley Schutte 'n 3e-plek o.15 en Stephen Pretorius 'n 1e-plek o.14.

Fietskettings kraak op *Urban Attack*

GYLDAN LOURENS

Die Smith & Maarsingh Urban Attack byeenkoms het fietsryers vanuit die hele Bloemfontein laat trap. 'n Gesellige, ontspanne atmosfeer het geheers. Van speenoud tot beenoud het aan dié byeenkoms deelgeneem.

Die byeenkoms het by drie afsonderlike terreine afgeskop: die Hoërskool Sentraal, Sand du Plessis en Grey Kollege. Die hoofborg van die byeenkoms was Smith & Maarsingh asook borge soos 1 Day Painters en Cycleworld Bloemfontein. Talle fietsryers het meegeding om die prysgeld.

Die Traliefietsryers het seker gemaak dat hulle teenwoordigheid duidelik waargeneem is. 'n Uitmuntende prestasie is deur Xander van Yken gelewer wat 'n 1e-plek by Sentraal, 'n 3e-plek by Sand du Plessis en 'n 4e-plek by Grey (almal 6 rondtes) behaal het. Hy het 'n algehele 2e-plek behaal. Goeie prestasies is ook deur Arno van Zyl (twee 2e-plekke), Zander Raath ('n 3e- en 4e-plek) en Roy Stevenson (3e-plek) gelewer.

"Die byeenkoms was goed georganiseerd. 'n Groot aantal fietsryers het deelgeneem en was baie beïndruk met die Hoërskool Sentraal se fietsryroete," sê me. Reanda van Pletzen, aktiwiteitshoof. "Bergfiets is een van die vinnig groeiende sportsoorte in Suid-Afrika. Daar is baie geleenthede om aan byeenkomste deel te neem en nuwe roetes te ontdek," merk Van Pletzen op.

Driekamp ster maak weer skoonskip

Droom dalk 'n werklikheid vir Madelaine le Roux

CARL KELLERMAN

Madelaine le Roux het vroeër vanjaar aan die Suid-Afrikaanse Driekampkampioenskap in Oos Londen deelgeneem.

Le Roux het tydens hierdie byeenkoms skoonskip gemaak en het loshande die algehele eerste plek in haar kategorie beklee. Le Roux is in die Suid-Afrikaanse span ingesluit. Dié span sal in Augustus vanjaar aan die Jeug Olimpiese Spele in Nanjing, China, deelneem.

Sy sal teen Junie weet of sy in China gaan deelneem. “Dit sal vir my 'n voorreg wees om 'n lid van die Suid-Afrikaanse Jeug Olimpiese span te wees. Dit was nog altyd my grootste droom om aan die Olimpiese Spele te kan deelneem,” sê Le Roux.

Die sport bestaan uit drie dissiplines naamlik swem, fietsry en hardloop. Dié dissiplines word aaneenlopend beoefen. “Swem is vir my die uitdagendste van die drie. Dit vind plaas in die oopwater waar mens aan elemente soos wind en seestrome uitgelewer is.”

Fisies verkies dié lenige atleet die fietsrykomponent waar sy die geleentheid kry om te wys van watter stoffasie sy gemaak is.

Op die vraag wie haar held is, het Le Roux geantwoord: “My held is Kate Roberts - 'n Suid-Afrikaanse Driekamp atleet. Sy het reeds in Beijing en Londen aan die Olimpiese spele deelgeneem.”



Madelaine hardloop gefokus tydens die Afrika Jeugspele en verower 1ste plek.
Foto: Verskaf

Tralies wys hulle vinne tydens die interhoërgala

HANRÉ HERBST

Die gereelde afkondigings van swemoefeninge en geesvangperiodes kondig die begin van die interhoër swem aan.

Die kenmerkende reuk van chloor wat aan jou vasklou en die merke wat jou swembril onder jou oë los is tweede natuur vir enige swemmer wat sy sout werd is.

Tralieswemmers presteer deur met slegs vyf en twintig swemmers 'n totaal van 17 medaljes in te palm. Stephen Pretorius het elke podiumposisie sy eie gemaak met 'n goud in die 200m rugslag, silwer in die 100m rugslag en brons in die 200m individuele wisselslag.

Tinus Krügel het gewys waarom hy as een van die Tralies se gewildste en voorste swemmers geag word. Hy spog met vyf medaljes: onder meer 'n goud in die 200m individuele wisselslag, 'n silwer in die 200m, 100m en 50m rugslag en ook brons in die 100m vlinderslag.

Ander Tralies, wat medaljes verower het, sluit Francois van Rooyen met 'n brons in die 100m borsslag, Joe Schimper 'n silwer in die 100m rugslag, Henk Cilliers 'n brons in die 100m borsslag, Wesley Schutte 'n brons in die 200m rugslag en Hanré Herbst met 'n brons in die 50m en 100m rugslag in.

Die Tralies het bewys dat 'n skool visse sonder dié dolfyne nie vaartbelyn kan swem nie.

Skaakspel is nie net swart en wit nie

MARTINIQUE FERREIRA

Klim op jou perd en trotseer die koning. Hierdie is nie net die inleiding van 'n feëverhaal nie, maar ook die begin van die jaarlikse Grey Skaaktoernooi waar die opponente dit ten doel het om mekaar se konings te skaakmat.

Ongeveer 300 slimkoppe van 57 skole regoor die land het by dié toernooi swaarde gekruis. Die Hoërskool Sentraal se skaakspan bestaan hoofsaaklik uit graad 9- en graad 10-leerders. Hulle het ridderlike moed aan die dag gelê en die vestings vreesloos aangeval. Die Hoërskool Sentraal het goed presteer en het 'n algehele 15e plek op die ranglys beklee.

Die volgende Tralies is deel van die span: Daniel van Niekerk, Rudolph Myburg, Henru Dreyer en Cara Vermeulen. Van Niekerk het die beste gevaar deur vier uit die vyf wedstryde vir die Hoërskool Sentraal te wen.

Me. Ester Botha (aktiwiteitshoof) sê sy is trots op die skaakspelers se gedrag en goeie sportmanskap.



Tralies sit Klofies ore aan tydens interskole

ZETSKE POSTHUMUS & JANA NEL

"'n Mens is nie genoodsaak om te wen nie. Jy is immers genoodsaak om aan te hou probeer na die beste van jou vermoë," sê Jason Mraz, 'n bekende internasionale sanger.

Een van die hoogtepunte op die sportkalender is die jaarlikse interskole tussen die Hoërskool Sentraal (Tralies) en die Hoërskool Waterkloof (Klofies). Vanjaar se byeenkoms was 'n groot sukses.

Die Hoërskool Waterkloof word as een van die beste gemengde skole in Suid-Afrika op kulturele-, akademiese- en sportgebied gereken. Om kragte teen so 'n gedugte opponent te meet, is senutergend.

Kragmetings soos dié het almal in rep en roer. Die leerders op die pawiljoene, oudleerders, ouers en verkeie ondersteuners dra tot die elektriese atmosfeer by. Dit is 'n onontbeerlike deel van die motivering vir puik spel deur die onderskeie sportspanne .

Hierdie *Bakgat* skool het hulle egter teen die Tralies vasgeloop.

Vanjaar het die Tralies se eerste-rugbyspan die Klofies 35-21 geklop. Dit was 'n spanningsvolle tweestryd wat tot laat in die 2e helfde kop-aan-kop verloop het. Die Tralies het soos een man saamgestaan en seëvierend uit die stryd getree.

Die Tralienetbal reputasie is gestand gedoen met 'n uitstekende oorwinning van 31-19. Die seuns se 1e-hokkiespan het 2-2 gelykop gespeel. JW van Rooyen, agterspeler, sê: “Al het ons nie vandag al ons geleenthede gebruik nie, sien ons uit na die seisoen en poog om die liga te wen.”

Mnr. Herman Naudé (aktiwiteitshoof, seunshokkie) sê: "Hierdie is 'n span waarmee ek oorlog toe kan gaan. Die seuns maak my trots om deel te wees van die breër Traliegemeenskap."

Die kersie op die interskolekoek was die heerlike samesang (onder kitaar- en sangbegeleiding van mnr. William Loots) en het bygedra tot samehorigheid onder die Tralies.



Fanie du Randt hardloop deur die opponent. **Foto: Geo Jooste**

BLOTZSPORT

Tralies blink uit in potspel

MARJA-LISE NEL

Vanaf April is die stokke gepoets, die driehoeke uitgepak en die een bal na die ander gesink.

Sestien spanne van regoor Bloemfontein neem aan die potspel liga deel. Die Hoërskool Sentraal is die enigste skool wat drie spanne in die liga ingeskryf het. Die Tralies het gedurende die eerste ligabyeenkoms goed presteer.

Sentraal A spog met 'n weghol oorwinnnig van 21 potte teenoor die 4 potte van die Hoërskool Pres. Steyn se B-span. Carl Murray, Nathan Spreeth en Johnatan Spreeth het elk al vyf hulle potte gewen.

Die Tralies se B-span verloor naelskraap teen die Hoërskool Pres. Steyn A met 11 potte teenoor 14. Raynaldo van der Bank het 4 uit 5 potte gewen waarna hy as die beste speler van die Hoërskool Sentraal B aangewys is. Van der Bank sê: "Die spel is nie verby totdat die laaste swart bal gesink is nie."

Me. Poedels du Plessis (aktiwiteitshoof) meen dat potspel besig is om sy stem dik te maak en hier is om te bly.

Netbal uitslae

vs	Brandwag	wen	27-12
vs	Vereeniging Gym	wen	41-30
vs	Noordheuwel	wen	33-18
vs	Nelspruit	wen	41-17
vs	Waterkloof	wen	31-15
vs	Paarl Gimnasium	wen	28-26
vs	Paarl Girls High	verloor	18-21
vs	Florida	wen	35-32
vs	Marias Viljoen	wen	46-22
vs	Zwartkop	wen	33-13
vs	Volkskool Potch	wen	38-16

Wildeklawer Uitnodigingstoernooi:

vs	Rustenburg	wen	34-16
vs	Stellenberg	wen	30-29
vs	Waterkloof	verloor	24-26
vs	Uitnodigingspan	wen	27-25
vs	Paarl Girls High	wen	28-22
vs	Affies	verloor	31-36
vs	Paarl Gymnasium	verloor	29-38

Kyk, mik en kolskoot

HANRÉ HERBST

Skyfskiet is vir diegene wat ure lank kan konsentreer. Dit verg volgehoue oefening om die tegniek vir die perfekte staan, kniel en lê te bemeester.

Tydens die eerste Prysskiet kompetisie te Hoopstad het Barend Prinsloo 'n 5e, WJ Kotze 'n 8e en Danneel le Roux 'n 11e-plek behaal.

Hierna het die skuts na Jacobsdal getoer waar Joné Pretorius 'n 1292 uit 1600 vir 'n algehele 10e-plek geskiet het. Prinsloo het 'n totaal van 1414 uit 'n moontlike 1600 vir 'n 2e-plek geskiet.

Die hoogtepunt op vanjaar se skietkalender was die SANSSU (South African National School Shooters Union) proewe. Prinsloo het algeheel 2e in die sporter-afdeling geëindig. Hy gebruik dié geleentheid om in die Suid-Afrikaanse span, wat in Augustus aan die Wêreldkampioenskap te Londen deelneem, ingesluit te word.

'n Mens wil definitief nie deur Prinsloo se visier gewaar word nie.

Netbal verower Jakarandastad

Passie en liefde vir spel is duidelik sigbaar in die 1e XI

MARTINIQUE FERREIRA

Netbaltekkies, blokhemde en die Hoërskool Sentraal maak weereens skoonskip in die netbalwêreld.

Dit alles het deel uitgemaak van die jaarlikse netbaltoer na die Waterkloof Netbalfees te Pretoria. Altesaam 86 netbalspanne van regoor die land (selfs Namibië) het vriendskaplik teen mekaar meegeding.

Die Tralies het oudergewoonte vriendelikheid, passie en die liefde vir die spel op die netbalbaan getoon deur 11 van die 12 wedstryde te wen.

As beloning vir hulle harde werk het die netbalmeisies die bekende pretpark, Gold Reef City, besoek en die besoekers met 'n flashmob verras. Die winkels is leeg gekoop, pasta restaurante het uit voorraad gehardloop en die Tralies het harte op en langs die netbalbaan gesteel.

Me. Saré Hattingh, netbalhoof en spanbestuurder, sê: "Die Hoërskool Sentraal beskik oor 'n besonderse span. Die dogters se veggees is die hartklop van dié span."

Gedurende April het die Hoërskool Sentraal se eerste span aan die Wildeklawer uitnodigingstoernooi te Kimberly gaan deelneem. Die span het goed gevaar en na die halfeindrondte deurgedring. Die Tralies het 'n uitstekende poging gelewer, maar moes die knieg met 'n telling van 36-31 teen die verdedigende kampioene die Hoër Meisieskool Pretoria buig. Die Hoërskool Sentraal het vierde geëindig en het die trofee vir die span wat die aanskoulikste netbal speel, verower.

Me. Retha Erasmus, afrigter van die span, motiveer haar span met die volgende leuse: "Mag alles wat ons doen en behaal gegrond wees op die liefde vir die spel."



Martinique Ferreira se voete raak nooit die grond nie! **Foto: K Ferreira**

Tralietalente hou nooit op nie

GYLDAN LOURENS

Die spreekwoord - gou op jou perdjie wees - het vir Juan-Marie Vermeulen, 'n graad 9-leerder, 'n letterlike betekenis.

Hierdie saalkoningin is op haar gelukkigste as die leisels aan haar oorgegee word. Sy en haar perd, Honey Crunch, vlieg oor die hindernisse tydens die skousprongbyeenkomste.

Sy neem al reeds drie jaar kompeterend deel en het die afgelope twee jaar vir die Suid-Afrikaanse kampioenskap gekwalifiseer. Vier kwalifiserende rondtes word te Bloemfontein en Welkom aangebied.

Om dié prestasie te behaal is dit noodsaaklik om een van die top vier deelnemers te wees. Jy kan egter ook op grond van jou deelname en puntetotaal na 'n volgende rondte deurdring.

As 'n mens die kleurvolle rosette teen haar kamermuur in ag neem, word die pad van haar sukses duidelik. Vermeulen se droom, om as lid van die Vrystaatspan aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap te gaan deelneem, is verwesenlik.

"Perdry leer my goeie selfdissipline om sodoende my perd te beheer. Dié vaardigheid pas ek dan ook op akademiese gebied toe," sê Vermeulen.

As jy met haár kompeteer, het jy groot hoewe om te vul.



Juan-Marie en Honey Crunch vlieg oor hindernis. **Foto: Verskaf**

Tour de France is in sig vir George Niddrie

CARL KELLERMAN

Die Hoërskool Sentraal se eie fietsry sensasie - George Niddrie ('n graad 11-leerder) se konstante deelname aan verskeie wedrenne is die volgende trap na die verwesenliking van sy droom.

Tydens die Suid-Afrikaanse Nasionale N4-Trac toer te Nelspruit het Niddrie 'n 20e-plek behaal. Dié kampioenskap het oor vier dae gestrek en het uit vyf bene bestaan.

Niddrie het vroeër vanjaar aan die Cape Argus deelgeneem en het glad nie teleurgestel nie. Hy het in die G-kategorie weggespring aangesien hy die 2013 OFM-classic, wat strek oor 'n afstand van 110 km, in 'n tyd van twee-uur en 41 minute afgelê het. Hy het 'n 8e-plek behaal en die wedren in 'n tyd van drie-uur, twee minute en sewe-en-twintig sekondes voltooi. Dit is nie te versmaai vir die kaliber van die Cape Argus nie. "Dit was net nog 'n wedren, maar dit het my geleer dat as mens hard werk, 'n mens altyd bo sal uitkom," sê Niddrie met 'n breë glimlag.

Fiksheid en gereelde oefening is noodsaaklik vir enige jong en opkomende fietsrenjaer. Dit verg goeie selfdissipline en uithouvermoë om jou beste prestasie te lewer. Niddrie se rolmodel en sportheld is Chris Froome. Froome is 'n Britse professionele padfietsrenjaer wat verlede jaar die Tour de France gewen het. Niddrie het die volgende opgemerk: "Om die Tour de France te wen is een van my doelwitte. Daarom wil ek in my rolmodel se voetspore volg."

TRALIE VARIA SPOT 2014

Sportkalender

24 Mei	Rugby : Sand du Plessis (weg)	30 Junie	Luggeweer : Wes-Kaap toer
27 Mei	VS Rugby Proewe O/18 en O/16 (14:00)	5 Julie	Netbal : All Ages (Margate Eindig)
31 Mei	VS Rugby Proewe O/18 en O/16 (14:00)		Luggeweer : Wes-Kaap toer eindig
	Netbal : Vrystaatdag Welkom	26 Julie	Rugby: HTS Louis Botha (weg)
7 Junie	VS vs Griffins (Bfn)	1 Aug	Interskole: Duineveld (weg)
30 Junie	Netbal: All Ages (Margate)		Netbal: SA School Challenge (PE)

uit my oogpunt...



Die ink op die 2014 kalender was nog nat toe die skool se sportoefengroepe met voorbereiding begin het. Uit die menigde voorseisoenwedstryde beskou ek die prestasies teen die Hoërskool Waterkloof as merkwaardig. Atletiek en Skiet presteer uitstekend op Vrystaat- en Suid-Afrikaanse vlak. Tralieswem wys staal tydens die Senior nasionale kampioenskap. Ons is ook trots om melding te maak van ons Driekamp wat op internasionale vlak meeding.
In die eerste helfte van die jaar is die gees duidelik sigbaar. Die getalle waarmee Tralies na sportbyeenkomste opruk is noemenswaardig. Ek kan met oortuiging sê dat elke span dit opreg waardeer. Dit is maklik om jou beste te gee wanneer daar 'n duisend Tralies agter jou staan.
In die woorde van Madiba: "Iets lyk onmoontlik totdat dit gedoen word."

Hokkie op pad na hoogtes

Die blou,wit en geel golf toer na NWU Pukke hokkiekliniek te Potchefstroom



Eslie Lamley, eerstespan hokkiedogter, steel die bal by JF-opponent. **Foto: Geo Jooste**

JOHAN KRIEK

Die tasse is gepak en die spelers het gereed gestaan om die pad na Potch aan te durf.

Beide die eerstespanne van die seuns en dogters het die afgelope twee jaar die NWU Pukke se hokkiekliniek hulle tuiste gemaak.

Die dogters het uitstekend gevaar en het die toeskouers se oë met hulle flink vaardighede en wedstrydstrategië laat rek. Die dogters het tydens die uitklopwedstryd 'n algehele tweede plek behaal. Hulle was die hele toer onoorwonne, maar het hulle egter teen die Hoërskool Standerton vasgeloop met 'n telling van 1-2.

Loraine Botha en Alri Vorster was twee van die staatmakers wat 'n reuse bydrae tot die sukses van die wedstryde gelewer het.

Die seuns het hulle puik van hulle taak gekwyt deur vier wedstryde te wen, een te verloor en twee gelykop te speel. Die Tralies het gevolglik 'n algehele vyfde plek behaal.

Die laaste twee uitspeelwedstryde se uitslae is bepaal deur *penalty flicks*. Foxie van Coppenhagen, Eric Wessi en Keldon Roberts was die sterspelers deur die deurslaggewende doele aan te teken.

"Die Traliespelers het baie nuwe vaardighede aangeleer en emosioneel sterker geword. Beide spanne se karakter is gebou en is gereed om die seisoen se uitdagings met 'n stok in die hand aan te pak," sê Nadien Vorster, kaptein van die eerste dogterspan.

"Die twee spanne ondersteun mekaar tydens hulle onderskeie wedstryde," sê Jaco Harmse, kaptein van die eerste seunspan.

